LENNON

# 'n Gids van Lennon se Hollandse Medisyne



Ontdek weer die natuurlike manier-
met Lennon se beroemde boererate.

# Inleiding:

Gebruik hierdie "Gids van Lennon se Hollandse Medisyne" om ons beroemde boererate weer te ontdek.

Vir die afgelope 100 jaar het mense dié natuurlike geneesmiddels met vertroue gebruik om geringe kwale te behandel. Raadpleeg asseblief jou dokter indien jy enige ernstige of aanhoudende simptome het.

By Lennon glo ons dat net die beste geneesmiddels gebruik moet word vir die behandeling van enige kwale. Daarom gebruik ons net bestanddele van die hoogste gehalte in ons Hollandse Medisyne en handhaaf 'n hoë standaard met die vervaardiging daarvan.


Maak gebruik van die onontbeerlike brosjure wanneer jy besluit watter natuurlike geneesmiddels jy vir 'n sekere kwaal behoort te gebruik. 'n Gids met verskeie liggaamsdele asook die kwale wat daarop betrekking het, word uiteengesit in die boek. Verskeie boererate en dosisse word aanbeveel. 'n Nuttige tabel van Gifstowwe en Teenmiddele asook 'n Verkorte Gids van Hollandse Medisyne verskyn agterin.

Lennon se egte en oorspronklike Hollandse Medisyne is orals in apteke en winkels beskikbaar.





L.W. VOOR ENIGE MEDIKASIE TOEGEDIEN WORD RAADPLEEG DIE VOUBILJET.

# 'n Gids van die Liggaam:




# Beskrywing en Dosering:




## DIE KOP

**Verkoue en Koors**
**Duiseligheid**

Witdulsies – Word doeltreffend gebruik om koors te verminder en om verkoues in toom te hou. Dit is ook nuttig in gevalle van duiseligheid.
Dosis: Volwassenes: Verkoue en Koors: ½ maatlepelvol (2,5 ml) in ½ glas water 3 maal per dag.
Duiseligheid: 1 maatlepelvol (5 ml) in ½ glas water.

**Harde Oorwas**

Oorpyndruppels – Vir oorpyn.
Dosis: 1–2 druppels op watte. Plaas binne-in oor.
MOET GLAD NIE INGENEEM WORD NIE.



## DIE BORSKAS

**Asma**

Witdulsies – 'n Handige geneesmiddel teen ligte aanvalle van asma.
Dosis: 1 maatlepelvol (5 ml) in ½ glas water.

**Brongitis**
**Hoesbuie**
**Kroep**

Borsdruppels – Vir verligting van verkoues, kroep en brongitis vir volwassenes en kinders.
Dosis: Volwassenes: 1–2 maatlepelsvol (5–10 ml) 3 maal per dag met water, tee of heuning.
Kinders: 15–20 druppels (1–1,5 ml) 3 maal per dag met water, tee of heuning.


**Droë hoes**
**Brongitis**

S1 Ipekakuanha-tinktuur – Klein hoeveelhede is doeltreffend vir die verligting van 'n droë hoes en brongitis (In groter hoeveelhede, word 2–6 maatlepels (10–30 ml) gebruik as 'n emetikum om vomering te veroorsaak. Drink dadelik daarna baie vrugtesap of water).
Dosis: Volwassenes: 10–30 druppels (0,5–2 ml) in water 3–4 maal per dag.
Kinders: 5–10 druppels (0,25–0,5 ml) in water 3–4 maal per dag.

S2 Paragoriese-Elikser – Gebruik vir die behandeling van verkoues.
Dosis: Volwassenes: 1–2 maatlepelsvol (5–10 ml) tot 4 keer per dag.
NIE GESKIK VIR KINDERS ONDER 2 JAAR NIE.

**Verkoues**
**Borskwale**

Turlington – Geskik vir die behandeling van verkoues en borskwale.
Dosis: ½–1 maatlepelvol (2,5–5 ml) gemeng met suiker of eiergeel, 2–3 maal per dag.



# DIE MAAG

**Buikpyn**
**Diarree**

S2 Paragoriese-Elikser – Geskik vir die behandeling van diarree en die verligting van buikpyn.
Dosis: Volwassenes: 1–2 maatlepelsvol (5–10 ml) tot 4 maal per dag.
NIE GESKIK VIR KINDERS ONDER 2 JAAR NIE.

**Verlies van aptyt**

Groen Amara of Essens Amara – 'n Doeltreffende tonikum wat die eetlus aanwakker.
Dosis: Volwassenes: ½–1 maatlepelvol (2,5–5 ml) 3–4 maal per dag, voor maaltye.

**Verlies van aptyt**
**Hardlywigheid**

Gesondheidsdrank – Vir verligting van hardlywigheid en om die eetlus te stimuleer.
Dosis: Volwassenes: 3 maatlepelsvol (15 ml) elke oggend en aand.
Kinders: (8–12 jaar oud) 1–2 maatlepelsvol (5–10 ml) elke oggend.

**Koliek**
**Flatulensie**
**Werk die kramp-aksie van purgeermiddels teë.**
**Maagongesteldheid.**

Balsem Vita (Geel, Wit, Rooi) – Vir die verligting van koliek, maagpyn en flatulensie in beide volwassenes en kinders.
Dosis: Volwassenes: 20–30 druppels (1,5-2 ml) in water, 4–5 maal per dag, verkieslik na 'n maal.
Kinders: 10 druppels (0,5 ml) in suikerwater, 4–5 maal per dag verkieslik na 'n maal.

**Koliek**
**Krampe**
**Diarree**
**Flatulensie**

Behoedmiddel vir Kinders – Een van die veiligste, doeltreffendste en betroubaarste geneesmiddels vir maag- en tandpyn van babas. Aangesien dit geen pynstillers of enige ander nadelige medisyne bevat nie, kan die Behoedmiddel met vertroue gebruik word. Die preparaat help om maagsuur te bekamp en moet dus na maaltye geneem word. In gevalle van aanhoudende windjies, maagkrampe en koliek moet 'n tweede dosis 'n uur later geneem word. Drie dosisse behoort diarree doeltreffend te verlig.
Dosis: Babas:(Onder 1 maand) 5–15 druppels (0,25–1 ml) na 'n maal.
Babas: (1–3 maande) 15–30 druppels (1–2 ml) na 'n maal.
Babas: (Ouer as 3 maande) 30 druppels (2 ml) 3 maal per dag na 'n maal. Herhaal dosis indien nodig na 1 uur.
Diarree:
Babas: (Onder 1 maand) 1 maatlepelvol (5 ml) – Neem 3 dosisse.
Babas: (1–3 maande) 1½ maatlepelsvol (7,5 ml) – Neem 3 dosisse.
Babas: (Ouer as 3 maande) 2 maatlepelsvol (10 ml) – Neem 3 dosisse.

**Koliek**
**Flatulensie**
**Slegte spysvertering**
**Buikpyne**
**Gastriese ongemaklikheid**

Jamaika Gemmer – Word gebruik om koliek, flatulensie, buikpyn en slegte spysvertering te behandel.
Dosis: Volwassenes: 5–10 druppels (0,5–1 ml) in 'n klein bietjie water 3–4 maal per dag.

## DIE MAAG VERVOLG

**Koliek**
**Krampe**

Krampdruppels (Oplossing) (H.M.) – Histerie, ander senuwee- en angstoestande en slapeloosheid word doeltreffend hiermee behandel sowel as koliek en krampe. Daarbenewens verlig krampdruppels flatulensie in die maagdermkanaal.
Dosis: Maag: ½ maatlepelvol (2,5 ml) elke ¼–½ uur tot algehele verligting verkry is.
Senuwees, angs en slapeloosheid: ½ maatlepelvol (2,5 ml) 3 maal per dag, vernaamlik in die aand.

**Koliek**
**Flatulensie/**
**Windjies**

Pepermentdruppels – Vir die verligting van verkoues en flatulensie.
Dosis: Neem 'n paar druppels met suiker of in water wanneer nodig.
S1 Hoffmans Druppels – Vir gebruik tydens behandeling van krampe, koliek en winderigheid.
Dosis: Volwassenes: 15-30 druppels (1-2 ml) in ½ glas water 3 maal per dag.
Kinders: 10-15 druppels (0,5-1 ml) met water.

**Krampe**
**Buikpyne**
**Algemene**
**Ongemaklikheid**

S1 Stuipdruppels – Dié druppels verlig buikpyne en krampe asook krampe in die ingewandes. Dit kan ook as 'n kalmeermiddel gebruik word vir rusteloosheid, slapeloosheid en senuweeagtigheid.
Dosis: Volwassenes ½–1 maatlepelvol (2,5-5 ml) 3–4 maal per dag en ook in die aand.
NIE GESKIK VIR KINDERS ONDER 2 JAAR NIE.

**Hardlywigheid**
**Flatulensie**
**Slegte spysvertering**

Helmonts Kruie – Is 'n mengsel wat bestaan uit uitgesoekte kruie wat as 'n ligte lakseermiddel gebruik kan word. Die kruie verlig maag- en ingewande flatulensie.
Dosis: 30 druppels (2 ml) met ½ glas water 2–3 maal per dag.

**Hardlywigheid**
**Flatulensie**
**Slegte spysvertering**

Helmonts Kruie-Ekstrak – Vir hardlywigheid, flatulensie en slegte spysvertering.
Dosis: Volwassenes: 1 maatlepelvol (5 ml) in suikerwater 3 maal per dag.
Kinders: (5–12 jaar) 20–30 druppels (1,5–2 ml) 3 maal per dag.
Kinders: (Onder 5 jaar) 5–20 druppels (0,25–1,5 ml) 3 maal per dag.

**Hardlywigheid**
**Buikpyne**
**Algemene**
**Ongemaklikheid**

Lewensessens – 'n Beroemde maagtonikum vir slegte spysvertering, maagongesteldheid as gevolg van die verkeerde dieet of oormatige eet of drink.
Dosis: Volwassenes: 1 maatlepelvol (5 ml) soggens en saans na 'n maal.
Kinders: ½–1 maatlepelvol (2,5–5 ml)

**Hardlywigheid**

Milts Essens – Gebruik vir verligting van hardlywigheid.
Dosis: ½–1 maatlepelvol (2,5–5 ml) wanneer nodig.

**Hardlywigheid**
**Flatulensie**
**Slegte spysvertering**

Wonderkroonessens – Word geneem vir buik- en maagkwale, flatulensie, hardlywigheid en slegte spysvertering.
Dosis: ½–1 maatlepelvol (2,5–5 ml) in water. Neem soggens en saans of wanneer nodig.

**Hardlywigheid**

Bloedsuiwerende Kruie – 'n Kombinasie uitgesoekte kruie wat as 'n ligte lakseermiddel gebruik word.
Dosis: Meng die bestanddele van die pakkie met 'n bottel ou wyn en laat dit in die son staan, of stel dit vir 8 dae aan hitte bloot. Gooi die mengsel dan deur 'n sif en neem 'n wynkelkievol soggens en saans.

**Flatulensie**

Duiwelsdrekdruppels – Doeltreffend vir die verligting van maagpyne en flatulensie.
Dosis: 30–60 druppels (2–4 ml) 3–4 maal per dag met suiker of heuning.

**Flatulensie**
**Buikpyne**
**Algemene ongemaklikheid.**


S1 Entressdruppels – Hierdie geneesmiddel is doeltreffend vir die verligting van buikpyne, flatulensie en maagongesteldheid. Dit is kalmerend in gevalle van senuweeagtigheid en bevorder rustige slaap.
Dosis: Maag: 20–30 druppels (1,5–2 ml) elke ½ uur tot verligting gekry word.
Senuwees: 20–30 druppels (1,5–2 ml) 4–5 maal per dag en ook snags.
NIE GESKIK VIR KINDERS ONDER 2 JAAR NIE.

**Slegte spysvertering**
**Flatulensie**
**Buikpyne**
**Algemene ongemaklikheid**

Rooilavental – 'n Beroemde en betroubare geneesmiddel wat gebruik word vir die verligting van flatulensie, maagpyne en slegte spysvertering.
Dosis: Volwassenes: 1 maatlepelvol (5 ml) in water elke ½ uur tot verligting ondervind word.
Babas/Kinders: 10 druppels (0,5 ml) in suikerwater wanneer nodig.

**Hardlywigheid**

Galpille – Is 'n lakseermiddel wat gebruik word vir die verligting van hardlywigheid.
Dosis: Volwassenes: Gewoonlik tussen 2–4 pille volgens behoefte.
Kinders: 1–2 pille volgens behoefte.



# DIE RUG

**Rugpyn**
**Blaasinfeksies**
**Geringe Nierinfeksies**

Blasem Kopiva – Hierdie huishoudelike middel word gebruik vir die behandeling van geringe rugpyn en nier- en blaasinfeksies.
Dosis: 10–30 druppels (0,5–2 ml) met suiker of in melk 3 maal per dag.

**Geringe Blaaskwale**
**Geringe Nierinfeksies**

Bruindulsies – Hierdie middel word gebruik vir geringe nier- en blaasinfeksies.
Dosis: Volwassenes: 15–30 druppels (1–2 ml) in water, wyn of melk 3 maal per dag.
Kinders: 10–15 druppels (0,5–1 ml) in water of melk 3–4 maal per dag.

**Rugpyn**

Sterksalf – (ALLEENLIK VIR UITWENDIGE GEBRUIK) Vir verligting van rugpyn, rugjig en ander spier- en gewrigpyne. Smeer net die salf op die aangetaste dele.

**Rugjig**
**Fibrositis**

Kanferolie (ALLEENLIK VIR UITWENDIGE GEBRUIK) – Word gebruik vir die verligting van fibrositis, rugjig, spier-, senuwee- en rumatiekpyne, verstuitings en kneusplekke.
Dosis: Maak effens warm en vryf dit op die aangetaste dele.


## DIE RUG VERVOLG

**Rugjig**
**Rugpyn**

Balsem Sulphuris (Swawel) – Hierdie middel word gebruik vir rugpyn en nier- en blaaskwale.
Dosis: 10–20 druppels (0,5–1,0 ml) met suiker 2–3 maal per dag.

**Geringe Blaaskwale**
**Geringe Nierkwale**

Haarlemensis – Is doeltreffend vir die behandeling van geringe blaas- en nierkwale.
Dosis: 15 druppels (1 ml) in melk saans.



# SPIERE en GEWRIGTE

**Kneusplekke**
**Senuweepyn**
**Rumatiek**
**Verstuitings**

Kanferolie (ALLEENLIK VIR UITWENDIGE GEBRUIK) – Verlig kwale soos rugjig, rumatiek, en spier- en senuweepyne wanneer die louwarm olie op die aangetaste dele goed ingevryf word.

**Spier- en Gewrigpyne**
**Rugjig**

Sterksalf (ALLEENLIK VIR UITWENDIGE GEBRUIK) – Vir verligting van kneusplekke en spier- en senuweepyne. Smeer net die salf op die aangetaste dele.

# ALGEMEEN

**Senuweeagtigheid**
**Slapeloosheid**
**Rusteloosheid**

S1 Stuipdruppels – Hierdie druppels het 'n kalmerende uitwerking en bevorder ook slaap.
Dosis: ½–1 maatlepelvol (2,5–5 ml) 3–4 maal per dag en ook in die aand.
NIE GESKIK VIR KINDERS ONDER 2 JAAR NIE.

**Senuweeagtigheid**
**Slapeloosheid**

S1 Entressdruppels – Dié druppels het 'n strelende uitwerking op die senuweestelsel.
Dosis: 20–30 druppels (1,5–2 ml) 4–5 maal per dag en ook in die aand.

**Bloedstolmiddel**
**Bloedtonikum**

Staaldruppels – Kan gebruik word vir 'n ystertekort. Dit kan ook doeltreffend aangewend word om bloeding te stop wat veroorsaak is deur klein snytjies en wonde.
Dosis: 10–15 druppels (1,0–1,25 ml) in 'n wynkelkie water 3 maal per dag.
Bloedstolmiddel: Wend 'n paar druppels op die wond aan.

**Tonikum**

Versterkdruppels – 'n Uitstekende tonikum wat die eetlus bevorder en lewenskrag opbou. Die druppels verlig ook slegte spysvertering.
Dosis: ½–1 maatlepelvol (2,5–5 ml) in ½ glas water 3 maal per dag.

**Tandpyn**

[S1] Tandpyndruppels – Die druppels word gebruik vir die verligting van tandpyn wat deur tandbederf veroorsaak word.
Dosis: 1–2 druppels op watte. Plaas op aangetaste deel.
NIE GESKIK VIR KINDERS ONDER 2 JAAR NIE.
Naeltjie Olie – 'n Bekende middel wat vir tandpyn gebruik kan word.
Dosis: 1–2 druppels op watte. Plaas op aangetaste deel.

**Beserings**

Turlington – Dit word gebruik as 'n ontsmettings- en bloedstolmiddel wanneer dit onverdund op die wonde geplaas word.
Dosis: Wend 'n paar druppels op die oop wonde aan.

# TEENMIDDELS VIR GIFSTOWWE.

## HOU ALLE GIFSTOWWE EN MEDISYNE BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

1. WANNEER VERGIFTIGING VERMOED WORD, RAADPLEEG ONMIDDELLIK 'N DOKTER.
2. TERWYL JY VIR DIE DOKTER WAG, GEE 'N TEENMIDDEL.
3. ANDERSINS MOET DIE PASIËNT DADELIK NA DIE NAASTE HOSPITAAL GENEEM WORD.

**EMETIKUM:** 'n Middel wat vomering veroorsaak. [S1] Ipekakuanha-tinktuur, mosterd of sout in warmwater.

**SURE:** Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiamelk in sterk tee. MOENIE braking aanhelp nie. Drink besonder baie water of melk direk hierna om die suur te verdun.

**MIERGIF EN ARSEENPREPARATE:** Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiamelk in sterk tee. Gee dan 'n emetikum.

**ASPIRIEN:** Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood, water of melk en Magnesiamelk in sterk tee. Gee daarna 'n emetikum en dan koeksoda in warm water.

**KANFEROLIE:** Gee 'n emetikum.

**SEEPSODA:** MOENIE braking aanhelp nie. Gee 'n mengsel van ½ water ½ asyn, daarna soet- of olyfolie of eierwit. Vars suurlemoensap sal die alkali neutraliseer.

**ONTSMETTINGSMIDDEL:** (Karbolsuur) Gee melk of eierwit en daarna sterk tee of koffie.

**VOEDSELVERGIFTIGING:** Gee 'n emetikum, daarna 'n oplossing van Engelse sout in water en dan sterk tee of koffie.

**INSEKDODERS** met D.D.T. (verwys na miergif).

**JODIUMEKSTRAK:** Gee 'n dik styselmengsel. Gee daarna sout in warmwater totdat die braaksel helder is en dan sterk tee of koffie.

**PARAFFIEN:** Gee aptekersparaffien, daarna sterk tee of koffie.

**PAREGORIE:** Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiamelk in sterk tee en gee daarna 'n oplossing van Engelse sout in water.

**SLAAPPILLE:** Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiamelk in sterk tee en gee daarna 'n emetikum. Wanneer die pasiënt opgegooi het, gee dadelik Engelse sout in water en sterk tee of koffie.

**TERPENTYN:** Gee aptekersparaffien en sterk tee of koffie.

**STRIGNIEN EN STRIGNIENPREPARATE:** Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiamelk in sterk tee en daarna 'n emetikum indien daar nog geen simptome van strignienvergiftiging is nie.

# VERKORTE GIDS VAN HOE OM LENNON SE HOLLANDSE MEDISYNE TE GEBRUIK

| | |
|---|---|
| **Balsem Kopiva:** | Rugpyn en Nierkwale. |
| **Balsem Sulphuris:** | Rugpyn en Nierkwale. |
| **Balsem Vita:** | Koliek, Maagpyn en Flatulensie. |
| **Behoedmiddel vir Kinders:** | Tandekry en Maagkwale. |
| **Bloedsuiwerende Kruie:** | Ligte Lakseermiddel. |
| **Borsdruppels:** | Verkoue, Brongitis en Kroep. |
| **Bruindulsies:** | Nier- en Blaaskwale. |
| **Duiwelsdrekdruppels:** | Maagpyn en Flatulensie. |
| [S1] **Entressdruppels:** | Senuweeagtigheid en Slapeloosheid. |
| **Galpille:** | Hardlywigheid. |
| **Gesondheidsdrank:** | Hardlywigheid en verlies van aptyt. |
| **Groen Amara:** | Tonikum. |
| **Haarlemensis:** | Nier- en Blaaskwale. |
| **Helmonts Kruie:** | Slegte spysverteringkwale. |
| **Helmonts Kruie-Ekstrak:** | Slegte spysverteringkwale. |
| [S1] **Hoffmans Druppels:** | Krampe, Koliek en Winderigheid. |
| [S1] **Ipekakuanha-tinktuur:** | Verkoues, (Emetikum). |
| **Jamaika Gemmer:** | Koliek, Slegte spysvertering en Flatulensie. |
| **Kanferolie:** | Senuwee- en Rumatiekpyn. |
| **Krampdruppels:** | Krampe, Maagpyn, Koliek en Flatulensie. |
| **Lewensessens:** | Maagtonikum. |
| **Milts Essens:** | Hardlywigheid. |
| **Naeltjie Olie:** | Tandpyn. |
| **Oorpyndruppels:** | Oorpyn. |
| [S2] **Paragoriese-Elikser:** | Verkoues, Diarree en Buikpyn. |
| **Pepermentdruppels:** | Koliek en Flatulensie. |
| **Rooilavental:** | Floutes, Slegte spysvertering en Flatulensie. |
| **Staaldruppels:** | Bloedtonikum, stop bloeding van geringe wonde. |
| **Sterksalf:** | Spier-, Rug- en Gewrigpyne. |
| [S1] **Stuipdruppels:** | Kalmeermiddel, Maagpyn en Krampe. |
| [S1] **Tandpyndruppels:** | Tandpyn. |
| **Turlington:** | Verkoue, Borskwale en Wonde. |
| **Versterkdruppels:** | Tonikum. |
| **Witdulsies:** | Koors, Verkoue, Duiseligheid en geringe Asma-aanvalle. |
| **Wonderkroonessens:** | Maag- en Gastriese kwale, en Krampe. |

LENNON

# Ontdek weer die natuurlike manier~ met Lennon se beroemde boererate.




LENNON

A416